Piet Beukes

DIE LANDSTEM. 25 JULIE 1964

## Vervolg Op „Silbersteins" 'n Treffer

# Etienne Leroux Skok Met Nog 'n Kunswerk



● Etienne Leroux — Hy gaan u weer skok . . .

**ETIENNE LEROUX het dit weer reggekry. Vir die tweede keer het hierdie Vrystaatse skrywer-boer wat reeds die Hertzogprys verower het, 'n Afrikaanse roman geskryf wat u sal skok soos u selde geskok was, maar wat weer die Afrikaanse letterkunde met 'n kunswerk van wêreldformaat verryk.**

**Sy tweede roman wat volg op Sewe Dae By Die Silbersteins verskyn aanstaande week, maar Die Landstem het reeds vooruit proewe ontvang en dit deurgelees om vir u alles daaroor te vertel.**

Onder die titel, **Een Vir Azazel**, is dit 'n hoogs realistiese vervolg op die roman Silbersteins wat met die Hertzogprys bekroon is en reeds 10,000 eksemplare verkoop het. **Net soos die Silbersteins noem dit alles reguit en eerlik by sy volle naam en vier-letterwoorde wat u sal skok, kom op baie plekke voor.**

Waar sommige kerkleiers en vroue-organisasies reeds Silbersteins skerp aangeval en veroordeel het as 'n sondige roman wat die volk se sedes en godsdiens ondermyn, sal dieselfde van Azazel gesê kan word, want Le Roux skroom nie om seks suggestief voor te stel en om ook godsdiens tot in die diepste dieptes te ontleed nie.

**SPOTTERNY**

Azazel is ook nes Silbersteins 'n spotterny van die eerste water waar die boere wat beeste teel, die speurders, die polisie, die buitelandse besoekers wat na ons Bantoes kom kyk en wie weet wie almal op ironiese en soms sarkastiese wyse voorgestel en uitgebeeld word. **Dis veral 'n briljante gespot met die moderne speurverhale waar speurder-sersant Demosthenes H. de Goede die geheime van 'n verkragting en moord op 'n 18-jarige meisie moet ontrafel.**

*(Vervolg op bl. 5).*

DIE VADERLAND ★ Vrydag, 17 Julie 1964



## SEWE DAE BY DIE SILBERSTEINS

is weens die ongeëwenaarde belangstelling van die lesers-publiek weer uit druk. Het u al 'n eksemplaar van hierdie bekroonde roman? Plaas onmiddellik u bestelling by u naaste boekhandelaar en maak seker dat u wel 'n eksemplaar kry wanneer die VIERDE DRUK binnekort verskyn. Die prys is R1.80.

## EEN VIR AZAZEL

die nuwe roman deur Etienne Leroux, verskyn einde Julie. As u u eksemplaar van die Silbersteins bestel, plaas sommer meteens u naam op u boekhandelaar se lys vir EEN VIR AZAZEL, wat 'n vervolg is op SEWE DAE BY DIE SILBERSTEINS. Die prys van die nuwe roman is R1.95.

**Alle boekhandelaars sal binnekort voorraad hê.**

**HUMAN en ROUSSEAU (EDMS.) BPK.**

KAAPSTAD — PRETORIA


The Frie

# SKOK WEER

(Vervolg van voorblad)

**Hier kan 'n mens jou doodlag vir die speurder-sersant wat met fisiese oefeninge sy liggaamsbou so verbeter het dat hy 'n ware pragdier is net soos die rooi-swart bul in Silbersteins was. En daar is ook die kamers waar die vensters so gebou is dat mens van buite kan insien en waar mans en vrouens hulleself vertoon wanneer hulle ontklee.**

Maar Azazel is ook 'n diep sielkundige simboliese roman wat by al sy uiterlike skokkende seks, twyfel, ironie en sarkasme 'n diepe waarheid blootlê. Dit is in die opsig 'n voortbouing op Silbersteins en gee aan die vorige roman wat die Hertzog-prys verower het, sy ware dieper betekenis.

Waar die boerseun, Henry van Eeden, en die Joodse meisie, Salome, in die Silbersteins in die huwelik verenig is sonder dat hulle mekaar ken of waarlik liefde vir mekaar ontwikkel het, beskryf Azazel hoedat hulle 'n **Monsterkindreus** voortgebring het. Salome is na die geboorte oorlede en Henry onttrek hom van die lewe sodat hierdie monster vry rondloop en 'n „onskuldige" meisie (die kind van 'n straatvrou) verkrag en vermoor. Niemand weet self wie haar pa was nie.

**Daaruit volg dan die dieper motief van die boek van die begrip van die sondebok of soos dit in die Joodse taal heet, Azazel. Na 'n tweede vermeende verkragting wat op beeldende wyse beskryf word, word die monsterreus gestenig en daar bereik die roman 'n tragiek wat dit tot 'n groot kunswerk laat opstyg. Die simboliek van Silberstein en van Azazel waar die sonde uiteindelik 'n sondebok voortbring word hier duidelik aan die lig gebring, en ook die simboliek dat terwyl die blankes mekaar stenig, die swartes die orde vernietig deur hulle kerke af te brand. Die steniging vind plaas teen die gloed van die brandende kerke.**

Hier het Leroux sonder om te preek, sonder om aan te kla en sonder suggesties aan die mensdom gewys wat gebeur as die orde en die tradisie verval en as chaos oorneem. Dis 'n roman wat soos die Silbersteins die hele Afrikaanse letterkunde in nuwe bane lei.

**—PIET BEUKES**